CALVYN-JUBILEUM IV.

# CALVYN SE BETEKENIS VIR DIE WESTERSE KULTUUR-ONTWIKKELING IN DIE ALGEMEEN.

Tevore is vanjaar na aanleiding van die Calvynjubileum in **Koers** reeds aandag geskenk aan die betekenis van Calvyn veral vir Teologie en Kerk. In hierdie artikel sal 'n meer algemene beskouing aan sy kultuurhistoriese betekenis gewy word.

Calvyn was natuurlik hoofsaaklik teoloog en kerkhervormer, hoewel hy wetenskaplik in eerste instansie in die regte opgelei is en prakties veelal ook in aanraking gekom het met die staatsbestuur. Tog was sy leer en lewe van universele strekking, wat betref die verskillende terreine van die kultuur en ten opsigte van pleks- en tydsgebondenheid.

Tot op sy tyd is die Westerse Kul-

tuurontwikkeling deur twee grondbeginsels gelei, nl. dié van die natuur in die heidense tydperk en dié van die genade in die tyd van die Christendom; en in sy tyd het hierdie twee grondbeginsels, soos tot op sy tyd verstaan, onversoenbaar teenstrydig geblyk en gedreig om die bereikte eenheidskultuur uitmekaar te skeur.

Calvyn se taak was dus in beginsel om die kultuureenheid te herstel op Christelike grondslag; slegs in beginsel, want die deurvoering van hierdie eenheidsopvatting in besonderhede is 'n oneindige taak, of liewer 'n taak wat eers by die voleinding sy beëindiging kan vind.

Allereers moes die grondbeginsels van natuur en genade in hul eenheid gesien word. Dit self is 'n oneindige taak en nie beperk tot die gebied van teologie en kerk nie; dit kan slegs van tyd tot tyd verder gevoer word, maar Calvyn het dit in beginsel verrig, so suiwer en omvattend soos nooit voorheen nie, hoewel sekerlik ook nog nie in volkomenheid nie.

Prinsipieel en fundamenteel is die probleem, soos dit histories ontwikkel het, kortliks die volgende — let wel, ek sê kortliks!

Die natuur is die volheid van die gegewe werklikheid waarin die mens kultuurskeppend uit rede en ervaring homself menswaardig probeer ontwikkel.

Die genade daarenteen is die bonatuurlike inwerking in die natuur waardeur die mens in die geloof bo die natuur uitgehef word en met God in Christus verenig word.

Volgens die Christendom is die natuur bowendien tydelik en sondebedorwe, die genade ewig en volkome heilig.

Hoe moet en hoe kan natuur en genade nou verenig word?

Volgens Calvyn só dat die genade die natuur herstel en volmaak, m.a.w. die genade dek nie 'n ander gebied as die natuur of slegs 'n deel van die werklikheid nie, maar dit heilig die volle natuur en voer dit tot sy volkomenheid met uitskakeling van die natuurbederwende sonde. Die kultuur is dan as 't ware die begenadigde natuurontwikkeling tot sy volheid.

M.a.w. die natuur word religieus deur God gevul. Hoe kan dit nou sonder dat die kosmiese werklikheid of 'n deel daarvan vergoddelik word en dus een of ander tydelike iets verabsoluteer word?

Positief is die antwoord in beginsel deurslaggewend en allesbeslissend, hoewel skynbaar uiters eenvoudig, naamlik, dat alles in die werklikheid sonder onderskeid of uitsondering direk op God betrek word, en negatief eweso dat tog desnieteenstaande niks tydeliks vergoddelik word nie, om die grens tussen Skepper en skepping te handhaaf en die skepping van selfverslawing te bevry.

Maar tog moet in die genadeherstel van die natuur die Goddelike anders as op natuurlike wyse êrens of op enige manier in die natuurlike ingryp. Dit moet egter so gebeur dat die natuur nie daardeur bonatuurlik word of die genade natuurlik nie.

Hier is 'n groot verborgenheid wat Calvyn in beginsel oplos of liewer hanteerbaar probeer maak deur die Godde-

like genade wat op die natuur inwerk, 'n suiwer religieuse geloofsobjek te maak wat nie in die natuurlike as rede- en ervaringsobjek opgaan nie.

In hierdie sin is die Skrif en die Kerk goddelik as geloofskern van die natuurlike openbaring en die universele mensheid. Maar die Skrif wat goddelik is, is die Woord van God en die kerk wat goddelik is, is die liggaam van Christus. Nie die Skrifverkondiging deur mense self is goddelik nie, nie die menslike kerklike ampsdraers en tydelike instellinge is goddelik nie.

Ja, niks aards of tydeliks of natuurliks is goddelik nie. Daar is dus nie een opperste goddelike gesagsinstelling in die tydelike nie: geen absolute waarheid, geen goddelike rede, geen onpeilbare kerk, geen wêreldstaat nie, geen geestelike stand, geen tydelike saligmakers of mensheidsredders nie.

Maar aan die ander kant word alles natuurliks deur die genade geheilig in geloofsdiens van God. So is alle aardse beroep gelyklik goddelike roeping, en ook alle kultuurdiens in die geloof Godsdiens. Die ambagsman en die soldaat, die wetenskaplike en die boer, die kunstenaar en die amptenaar, man en vrou, jonk en oud, is almal gelyklik „knegte van die Allerhoogste, voor die hele wêreld vry".

Maar in die menslike samelewing word mense wel van Godsweë met gesag oor mekaar beklee om die menslike kultuurroeping te vervul, kerklike gesag, staatsgesag, huislike gesag ens., almal in beperkte gesagsinstellinge, maar almal in dié beperktheid deur God verorden. Ook die Owerheid is derhalwe plaasbekleder van God, maar nie net die owerheid nie. So word gesag en vryheid in beginsel versoen. Slegs in beginsel, maar dan tog wel so seer in beginsel dat die beginsel al gaande in sy verdere konsekwensies uitgewerk kon word. So het ons gekry nie alleen 'n staat vry van kerklike oorheersing en 'n kerk vry van staatlike oorheersing nie, maar ook 'n konstitusionele staat op nasionale grondslag met internasionale verband, en wel 'n staat waarin die volk die owerheid kontroleer deur veralgemening en aktivering van die burgerreg; asook 'n ekonomie, wetenskap en kuns wat hulself vrylik na eie aard kon ontwikkel, en 'n maatskaplike lewe wat hom in sy moderne veelvormigheid kon ontplooi onder Christelike beligting.

In 'n artikelreeks in **Antirevolutionaire Staatkunde** van 1932 oor Calvyn se staatsteorie het ek hierdie beginsel soos volg geformuleer:

„God alleen is goddelik, die bron van alle gesag, suprakosmies en nie onderhewig aan enige kosmiese wet of gesag nie, hoewel self die bron van alle wet en alles goeds wat vir ons erkenbaar is. Daarom mag geen kosmiese gesag geuniversaliseer en dus vergoddelik word nie, maar moet in die wêreld erken word velerlei wet en velerlei gesag, soos geleidelik geopenbaar in die historiese ontwikkeling van lewe en leer. Hierdie veelheid is in elke deel selfstandig en eweseer direk Godbetrokke, maar elke onderdeel is, in sy selfstandige begrensdheid en beperktheid, weer organies saamgeweef met alle ander. Die eenheid egter van die veelheid is alleen religieus erkenbaar in die gemeenskaplike Godbetrokkenheid. Die

verwesenliking van hierdie religieuse eenheidsbetrekking kan alleen aan God toegeskryf word, aan sy verbondmatige genadewerking wat suiwer spiritueel-goddelik is in die wêreld en in die mens se persoon. In sover die mens daaraan bewus aandeel kan neem, is hy daarby afhanklik van 'n deur God kosmies geopenbaarde normering. Dié is self goddelik-spiritueel, want geestelike dinge word immers alleen geestelik onderskei, maar dit is kosmies beliggaam en dus kenbaar gemaak ook vir bewuste kosmiese verwesenliking, met name in die Woord van God. Die kosmiese erkenning en verwesenliking daarvan as sodanig is weer nie goddelik nie, want dit vind plaas deur die mens, wat nie alleen 'n skepsel is nie, maar bowendien ook sondig. Van die sonde-belasting word dit egter vrygemaak in so ver God 'n nuwe mensheid uitverkies het en voortdurend heilig tot sy diens en daaraan volle geregtigheid toereken in Christus. In só ver alleen verkry die verwesenliking van die norm 'n goddelike karakter, wat egter alleen in die geloof geestelik ervaar kan word. Hierdeur word die ware Christen bo alle kosmiese beperking uitgehef en prinsipieel in staat gestel tot volle normverwesenliking. Dit gee 'n innerlike vastigheid en versekerdheid, 'n saligheid en aktiwiteit wat bo die aards-menslike maat uitgaan. Maar hieruit mag geen kosmiese goddelikheid van die Christen afgelei word nie; want nie alleen bly hy ook steeds kreatuurlik gebonde nie, maar die herstel van die kreatuurlike beeld van God in hom wat hom van die kosmiese-uitwendige wel vrymaak, is spiritueel en geloofsobjek: dit kan dus nie as 'n kosmiese werklikheid verabsoluteer word nie".

In genoemde artikelreeks het ek ook ondersoek in hoe ver Calvyn sy grondbeginsel, soos hierbo gestel, konsekwent gehandhaaf het en in hoe ver hy die konsekwensies daarvan aangedui of altans aangebaan het.

Die konklusie waarmee ek my nou nog kan vereenselwig, was kortliks eerstens dat „Calvyn prinsipieel nie ontrou was aan sy grondbeginsel nie en dat sy skynbare geringe afwykinge daarvan verklaar moet word uit sy eienaardige persoonlikheid, sy lewensberoep en sy tydsomstandighede, sowel in praktyk as in wetenskap, naamlik daarin dat destyds nie alleen die samelewing deur die staat en die kerk minder oorgelaat kon word aan spontane reëling as later nie, maar ook die wetenskap nog slegs in geringe mate geëmansipeer was van die teologie: daar was m.n. nog geen outonome ontwikkeling van 'n Christelike wetenskap van die samelewing selfstandig teenoor die teologie nie".

In die tweede plek was en bly dit die slotsom vir die toekoms dat Calvyn in leer en praktyk die grondslae gelê het vir 'n Christelike eenheidsiening van die werklikheid wat, hoewel of juis omdat dit steeds gebonde bly aan die Woord van God, tog gewig gee aan alle aspekte van die werklikheid en bevryding proklameer vir alle menslike aktiwiteit in alle tydsomstandighede tot die voleinding toe.

Die grond van dit alles moet gesoek word in Calvyn se verterende lewenspassie om God alleen as goddelik te

erken en al die geskapene gelyklik van God afhanklik te stel.

Daardeur kon hy die natuur as die geheel van die kosmiese werklikheid in sy volle gegewenheid aanvaar en dit tegelyk supra-kosmies deurlig met die goddelike genade in die geloof in Christus.

L. J. DU PLESSIS.